

Die Bybelgenootskap en Bybelvertalers se standpunt

1.0 Spasiëring
14 Bladsye

Op 2 Mei 2012 het ds Gerrit Kritzinger (uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap), prof Bernard Combrink (leier van die Afrikaanse Bybelvertalings-projek) en ek, vir 'n gesprek saamgekom by die Bybelhuis in Kemptonpark. Die doel van die vergadering was om die tweespalt oor die gebruik van hoofletters/kleinletters in die Messiaanse profesieë in die nuwe Bybelvertaling (wat in 2016 of daarna gaan verskyn) te bespreek. Hierdie gesprek het ook die geleentheid gebied om tot groter duidelikheid te kom in verband met hulle sienswyse.

Tydens die gesprek het prof Combrink genoem dat elke Bybelboek, of gedeelte daarvan, goedgekeur en gefinaliseer moet word deur die Begeleidingskomitee. Hierdie komitee bestaan uit 13 lede en almal van hulle ondersteun die gebruik van kleinletters. Ds Kritzinger het homself ook ten gunste van kleinletters uitgespreek.

In 'n neutedop...

Sedert 2006 word daar gewerk aan die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling wat in 2016 of later gaan verskyn. Die Bybelgenootskap en Bybelvertalers het standpunt ten gunste daarvan ingeneem dat Christus se Name in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament met kleinletters geskryf sal word. **Dit beteken dat Sy Name, byvoorbeeld *God, Here, Seun (van God), Koning, Priester, Profeet en Messias, met kleinletters geskryf word.*** So byvoorbeeld kan in Deuteronomium 18:15, 18 die woord *Profeet* nou *profeet* (met 'n klein *p*) geskryf word. Ook kan in Psalm 45:7, 8 die woord *God* nou met die woorde *verhewe wese* (met kleinletters) vervang word. So het dit reeds in die 1983-vertaling gebeur. (Vergelyk egter Handeling 3:22, 23; 7:37 en Hebreërs 1:8, 9.)

Verder kan die vraag gevra word tot watter mate die Heilige Gees se Naam met kleinletters geskryf word in hierdie nuwe vertaling.

Op die Bybelgenootskap se webwerf www.nuwekerkbybel.co.za verskyn daar 'n dokument waarin vrae wat die publiek moontlik mag hê, beantwoord word. Op hulle webwerf is hierdie antwoord getitel: **waarom word daar beweer dat Christus in hierdie beplande vertaling uit die Ou Testament wegvertaal gaan word?**

In die skrywe wat hierna volg, word hierdie antwoord van die Bybelgenootskap ontleed. In hierdie skrywe word dit gestel:

- ◆ dat die Bybelgenootskap in baie opsigte 'n verkeerde prent aan die publiek voorhou, en
- ◆ dat daar net een skryfwyse is om aan die Bybelboodskap reg te laat geskied, en dit is dat Christus (en die Heilige Gees) se Name en die voornaamwoorde wat op Hom betrekking het, met **hoofletters** geskryf moet word.

Die feit is dat die Bybelgenootskap en Bybelvertalers in hulle dokument vele kere 'n verkeerde prent aan die publiek voorhou. Kom ons kyk na 'n paar van die beweringe wat in die dokument voorkom:

1. Die Statevertaling

Bewering: Die bekende Nederlandse Statevertaling het ook nie hoofletters gebruik in die Messiaanse tekste in die Ou Testament nie.

Antwoord:

Die feit is dat die Statevertaling nie slegs in die Messiaanse profesieë kleinletters gebruik nie. Dit blyk uit die volgende: Al die voornaamwoorde wat na God (die Vader en die Drie-eenheid) verwys, is met hoofletters geskryf (byvoorbeeld *Ik, Mij, Hij en Hem*) in beide die Ou en Nuwe Testament. Maar: Al die voornaamwoorde wat op Christus betrekking het, is in die Ou en Nuwe Testament met kleinletters geskryf (byvoorbeeld *ik, mij, hij en hem*). Hieruit sien ons dat die Statevertaling 'n groot swakheid vertoon, deurdat in die vertaling van hierdie voornaamwoorde die klem nie op Christus se Godheid geplaas word nie. Die Statevertaling se gebruik van kleinletters in Jesaja 53 moet in die lig hiervan verstaan word.

Ook verskyn die woord *knecht* met kleinletters in sowel Jesaja 42:1 as in die aanhaling van hierdie teks in Matteus 12:18 (in die Statebybel se 1900-uitgawe, en in die 1919-herdruk hiervan).

2. Duitse en Engelse Bybels

Bewering: Selfs in die (Duitse) vertaling van Martin Luther en die hersiene uitgawes daarvan, word hoofletters nie gebruik by voornaamwoorde wat verwys na die 'kneg' van Jesaja 53 nie. Dieselfde geld ook in 'n baie hoë mate vir Engelse vertalings. (Dan volg 'n lys van tien Engelse vertalings wat kleinletters gebruik.)

Antwoord:

Weer word 'n skewe beeld aan die publiek voorgehou. In Luther se vertaling, asook in die betrokke Engelse vertalings, word deurgaans al die voornaamwoorde wat op God betrekking het, met kleinletters geskryf in beide die Ou en Nuwe Testament. Weer kan ons nie hieruit aflei dat in hierdie vertalings slegs in die Messiaanse profesieë kleinletters gebruik word nie, want kleinletters kom oral hierin voor.

Wat gebeur egter in die Afrikaanse 1983 en die nuwe (2016) vertalings? Hierin word kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament gebruik, maar hoofletters in aanhalings van hierdie tekste in die Nuwe Testament. Die beteken dat taalkundige reëls oortree word deurdat die aanhalings (in die Nuwe Testament) en die aangehaalde tekste (in die Ou Testament) nie ooreenstem nie.

Die feit is egter: Wat wel deur hierdie skryfwyse getoon word, is 'n simptoom van ongeloof. Dit blyk daaruit dat die Bybelvertalers nie kan glo dat God die mag en gesag het om sulke ryk beloftes in die Messiaanse profesieë te kon gee nie.

'n Bybelvertaling waarin kleinletters vir die beloftes (in die Ou Testament) gebruik word, maar hoofletters vir die vervulling (in die Nuwe Testament) is onlogies en onaanvaarbaar.

NOTA:

In 'n ander steekproef het die Bybelgenootskap een teksvers, naamlik Jesaja 53:4, in 38 Engelse Bybelvertalings nagegaan en gevind dat in net sewe hiervan hoofletters gebruik word.

Hierop kan ons soos volg antwoord:

Jesaja 53:4 lees soos volg (Ou Vertaling): *Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – dié het Hy gedra, maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

In hierdie teksvers kom slegs voornaamwoorde voor wat na Christus verwys (naamlik *Hy* en *Hom*). Die Bybelgenootskap het nog nie ’n wyer studie gemaak van teksverse waarin Name van Christus in die Messiaanse profesieë voorkom in Engelse Bybels nie. Ek het toe al 38 van die betrokke Bybelvertalings ondersoek, ten einde te bepaal in hoeveel daarvan die Name van Christus met kleinletters geskryf word in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. (Vergelyk die dokumente: *Engelse en Latynse Bybels ontleed*, en sy *BYLAAG*, wat op die webwerf www.2016vertaling.co.za verskyn.)

Die ondersoek het getoon dat in die meerderheid van hierdie Engelse vertalings die Name van Christus wel met hoofletters geskryf is. Dit bewys dat die Bybelgenootskap ’n verkeerde prent aan die publiek voorhou deur net na die statistiek van die gebruik van voornaamwoorde te verwys. Die Bybelvertalers van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling is beslis op ’n verkeerde pad, met hulle gebruik van kleinletters.

Wat die voornaamwoorde aanbetref: Dit blyk wel so te wees dat in die Engelse Bybelvertalings eers in die twintigste eeu begin is om hoofletters te gebruik. Tog weet ons dat die gebruik van hoofletters ’n geseënde praktyk is wat in gebruik gekom het. In die Afrikaanse taal-idioom en -aanvoeling het die gebruik van hoofletters, ook vir die voornaamwoorde wat op Christus betrekking het, reeds ’n eeu lank algemene inslag gevind.

Om Christus se Name en die voornaamwoorde wat op Hom betrekking het, nou met kleinletters te skryf, kan met reg as ’n simptoom van ongeloof vertolk word. Die kleinletters wat in hierdie verband reeds in die 1983-vertaling gebruik is, verskyn ook daarin as ’n simptoom van ongeloof.

3. Is hoofletters beperk tot ’n paar vertalings?

Bewering: Die gebruik van hoofletters is hoofsaaklik beperk tot ’n paar Engelse vertalings, en die Statebybel nà 1900, en die Afrikaanse 1933/53-vertaling.

Antwoord:

Dit is ’n ope vraag of hierdie bewering ’n korrekte indruk skep.

Hier volg twee voorbeelde van resente vertalings. In die Portugese Bybel verskyn die volgende woorde met hoofletters, in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament:

Psalm 2:6, 12: Rei (Koning), Filho (Seun)

Psalm 45:6: o Deus (o God) – vir ons 45:7

Psalm 110:1: meu Senhor (my Here)

In ’n Franse Bybel (uitgawe: 1968) verskyn hierdie Name soos volg:

Psalm 45:7, 8: ô Dieu (o God)

Psalm 110:1: mon Seigneur (my Here)

Die vraag moet dus liewer omgedraai word, naamlik: In watter Bybelvertalings in Westerse tale word *nie* hoofletters gebruik nie?

Dit blyk dat baie teoloë wat met die vertaling van Engelse Bybels gemoeid was, geleidelik tot die insig gekom het dat dit noodsaaklik is om hoofletters vir die Name van Christus in die Ou Testament, asook vir die voorname wat op Hom betrekking het, te gebruik. Wat meer is, hulle het in sekere Bybelvertalings selfs meer hoofletters gebruik as wat in ons 1933/53-vertaling verskyn.

Selfs in die Statebybel se 1900-uitgawe (en die 1919-herdruk) word meer Name van Christus met hoofletters aangedui as wat selfs in die Afrikaanse 1933/53-vertaling die geval is. Vergelyk byvoorbeeld die woorde: *Heilige* (Ps 16:10), *Priester* (Ps 110:4), *Leeraar* (Joël 2:23) en *Heiland* (Sag 9:9).

4. Moet voetnote gebruik word?

Bewering (1): Al daardie gevalle waar die Nuwe Testament 'n verwysing na Christus in 'n teks of woorde uit die Ou Testament sien, moet slegs in die Ou Testament met 'n voetnoot gemerk word. Dit is genoegsaam om die Messiaanse tekste in die Ou Testament, met voetnote aan te dui.

(My verduideliking:) Die vertalers van die nuwe Bybelvertaling is van oortuiging dat hulle Christus se Name, asook die voornaamwoorde wat op Hom betrekking het, in die Messiaanse profesieë met kleinletters kan skryf. Hulle wil dan voetnote onderaan die betrokke gedeeltes in die Ou Testament plaas. Hierdie voetnote sal bestaan uit teksverwysings uit die Nuwe Testament wat dan daardie teksgedeeltes in die Ou Testament “op Christus van toepassing maak”.

Antwoord:

As in die Ou Testament kleinletters gebruik word, en ook voetnote, dui dit nog nie aan dat die Ou Testament self openbaring in verband met Christus se Godheid bevat nie. Die implikasie is dan dat die openbaring in verband met Christus eers later uit die Nuwe Testament sou blyk.

Die kleinletters wat gebruik word, kan impliseer dat Christus in die Ou Testamentiese tyd nog nie God was nie. Dit kan ook impliseer dat die Ou Testament nog nie Christus verkondig het nie, en dat Christus dus nie die Boodskap van die Ou Testament is nie.

Ons kan die Bybelvertalers herinner aan wat Christus gesê het: “*Dit is juis die Skrif (die Ou Testament) wat oor My getuig*” (Joh 5:39).

Verder kan ons vir die Bybelvertalers vra hoe die Ou Testamentiese mense reg moes glo om gered te kon word. Hulle moes glo volgens dit wat die Ou Testament hulle van Christus geleer het. Die volgende woorde van Jesus was ook op hulle van toepassing: “*Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie*” (Joh 14:6).

Die Ou Testamentiese gelowiges is juis gered deur in die Messias/Christus se Godheid te glo. (Net so word ons vandag gered!) Die Ou Testamentiese mense moes hierdie waarheid uit die Ou Testament leer ken. Hulle moes glo dat die Messias/Christus wat gebore sou word, self God is (Jesaja 9:5), dat dit Hy, die Sondelose, was wat vir hulle sondes sou sterf (Psalm 22, Jesaja 53) en dat Hy van altyd af, en tot in ewigheid, as Koning regeer (Psalm 2, 45 en 110). Ook hierdie drie psalms handel oor dit wat die Heilige Gees geprofeteer het – en dit is hoër en dieper as wat sigbaar gesien kon word op die stadium wat hierdie psalms gegee is, byvoorbeeld tydens die kroningsplegtigheid van 'n Israëlitiese koning.

In die Skrif gaan dit in die eerste plek oor die openbaring wat God gegee het (2 Tim 3:16; 2 Pet 1:20, 21).

Die punt wat voetnote egter tuisbring, is dat die Nuwe Testamentiese skrywers vir Christus eers later op daardie plekke in die Ou Testament “ingelees het”. Die Ou Testament het dus nog nie self daardie betekenis gehad nie.

In hierdie geval bly die vertaling van die Ou Testament met voetnote, dus onbybels.

Die aangewese weg is om dan liever beide hoofletters en voetnote te gebruik.

Bewering (2): Die Statevertaling gebruik nie hoofletters in die Messiaanse profesieë nie, maar dui wel daaronder met voetnotas die Nuwe Testamentiese verwysings aan.

Antwoord:

Die betrokke vorste wat destyds die opdrag gegee het dat die Bybel in Nederlands vertaal moes word, asook die teoloë wat die vertaalwerk moes doen, se situasie kan dalk lig hierop werp. Hulle kon aanvanklik gemeen het dat as ongeveer die helfte van elke bladsy aan verduidelikende opmerkings afgestaan word, dit genoegsame ruimte vir verduideliking sou bied van hoe Christus wel in die betrokke gedeeltes na vore kom.

Toe die kantaantekeninge mettertyd uit die Statevertaling verwyder is, is daar nog talle teksverwysings behou wat die lesers na Nuwe Testamentiese teksverse verwys. Hierdie Nuwe Testamentiese verwysings verskyn direk na teksverse se woorde (in die Ou Testament) en nie onderaan bladsye, dus as voetnotas, in die Ou Testament nie.

In die 1900-uitgawe van die Statebybel was baie Nuwe Testamentiese teksverwysings aan die einde van teksverse se woorde (in die Ou Testament) geplaas. Die funksie hiervan is in die 1953 Afrikaanse Bybel vervang deur die gebruik om ’n kolom met teksverwysings in die middel van elke bladsy te plaas. Hierdie metode is meer volledig en net so goed, of dalk beter, as voetnotas.

Wat teksverwysings aanbetref sal die gebruik van voetnotas dus niks meer bied as die kolomme met teksverwysings in die 1953 Afrikaanse Bybel nie.

5. Wat is die “primêre betekenis” van die Ou Testament?

Bewering: Die Nuwe-Testamentiese skrywers het sonder enige twyfel op bepaalde plekke in die Ou Testament naas die gewone (of primêre) betekenis ook ’n verborge of dieper betekenis raakgesien, wat hulle verstaan het as verwysings na Christus en dit wat Hy sou kom doen.

’n Vertaling wat net die Nuwe Testamentiese betekenis wou deurgee, is nie meer ’n getroue weergawe van die Ou Testamentiese bronteks nie. En daarvan (naamlik dat dit ’n getroue weergawe van die bronteks moet wees) wil die vertalers en die Bybelgenootskap nie een oomblik afwyk nie.

En: As die “verborge” of “dieper betekenis” telkens met hoofletters aangedui sou word, sal die betekenis in die Ou Testamentiese verband op die agtergrond geskuif word.

(My verduideliking): Die skrywer(s) van die Bybelgenootskap se dokument gebruik ’n paar keer die term “primêre betekenis” wat in die Hebreuse teks te vind sou wees. Dit word ook omskryf as “die voor die hand liggende betekenis van ’n teks in die Ou Testament”. Christus is egter nie deel van hierdie primêre, of gewone, betekenis nie (volgens die Bybelgenootskap en die Bybelvertalers).

Antwoord:

As ons met 'n storieboek te doen gehad het, sou ons van 'n “gewone” of “primêre” betekenis kon praat, waarin Christus nie gesien sou kon word nie. Maar ons het hier met die Skrif te doen. In die Skrif gaan dit oor die openbaring wat God gegee het. 'n Bybelvertaling moet hierdie openbaring duidelik weergee.

Die vraag kom nou na vore: Waarom kan ons dit wat Christus self gesê het die primêre betekenis van die Ou Testamentiese teks is, nie as sodanig aanvaar nie? Hy het gesê: *“Dit is juis die Skrif (die Ou Testament) wat oor My getuig”* (Joh 5:39).

Waarom kan die vertalers dan nie vir Christus as die primêre inhoud van die Ou Testament sien nie?

Die vraag kan aan die Bybelvertalers gestel word: Is dit regtig so moeilik en akademies onaanvaarbaar om Christus in Sy uitleg van die Ou Testament na te volg?

Verder kan gevra word: Wie bepaal die “voor die hand liggende betekenis” van 'n teks in die Ou Testament? Is die mense wat dit bepaal dan diegene wat nie Christus daarin kan sien nie?

Die feit dat die Ou Testament van Christus getuig, beteken dat ons versigtig moet wees om te onderskei tussen 'n “voor die hand liggende (of primêre) betekenis” en 'n “dieper betekenis” van Ou Testamentiese Skrifgedeeltes. Hierdie onderskeid kan maklik daartoe lei dat 'n mens Christus slegs in die “dieper betekenis” wil raaksien en nie in die “voor die hand liggende” nie. Dit sou ook Johannes 5:39 weerspreek waar Christus self gesê het dat die Ou Testament, sonder voorbehoud, van Hom getuig.

Teenoor die teksverse wat op so 'n moontlike onderskeid sou kon dui, is daar 'n paar honderd teksverse in die Nuwe Testament wat daarop dui dat die Ou Testament direk van Christus getuig. Ook is daar slegs enkele teksverse wat in die Nuwe Testament as allegories (of simbolies of metafories) uit die Ou Testament aangehaal word (soos wat in die Bybelgenootskap se dokument genoem word, naamlik Hosea 11:1 en Matteus 2:15).

As daar dus wel tussen 'n “voor die hand liggende (of primêre) betekenis” en 'n “dieper betekenis” in Ou Testamentiese Skrifgedeeltes onderskei sou kon word, moet erken word dat beide van Christus getuig.

Om die Ou Testamentiese openbaring te wil verdeel in twee vlakke, naamlik 'n vlak waarin Christus nie herkenbaar sou wees nie en 'n vlak waarin Hy wel herkenbaar is, gaan in teen die Skrif en is daarom buite orde. Dit blyk dus dat hierdie onderskeid liever nie gemaak behoort te word nie.

Dit is duidelik wat die uitwerking van so 'n onderskeid is. Christus word Sy ereplek in die Ou Testament misken en kleinletters word gebruik. Verder word die Heilige Gees ook misken – en word die woord *Gees* met 'n kleinletter geskryf in Genesis 1:2, in die eerste uitgawe van die boek: *Proefvertaling: Afrikaanse Bybelvertalingsprojek*, wat in 2008 verskyn het. (Genesis 1:2 lees daarin soos volg: *En die gees van God was aan die sweef oor die water.*)

Wanneer Christus en die Heilige Gees in die Skrif misken word, is dit nie God die Vader wat alleen oorbly nie, want Hy kan alleen deur die werking en erkenning van die Heilige Gees geken word. Die werklikheid is dat dit 'n ander godheid is wat dan in die Ou Testament sou funksioneer.

Die Bybel sê self dat die moontlikheid bestaan dat 'n *ander Jesus* as die werklike en ware Jesus verkondig kan word (2 Kor 11:4). Daarom: As Christus uit die Ou Testament wegredeneer en wegvertaal word (weens watter redenasies ook al) dan het ons met 'n ander Christus as die ware Christus te doen.

Waarom moet Christus (in byvoorbeeld Jesaja 53) op die agtergrond geskuif word deurdat kleinletters gebruik word? Hy is tog 'n Goddelike Persoon. Jesaja 53 verwys na Hom alleen, en as dit na ander sou verwys, sou niemand gered kon word nie.

Die waarheid staan vas dat die Ou Testament, net soos die Nuwe Testament, deurgaans positief die enigste ware Christus (Messias) verkondig. Kyk na die volgende:

In die Ou Testament is daar 333 verwysings na die Messias (vergelyk: WH Griffith Thomas: *How we got our Bible*, bladsy 17). My kommentaar hierop: Die getal 333 verwys waarskynlik net na die aantal verwysings na Christus wat in die Messiaanse profesieë voorkom. Daarby kan gevoeg word die getal kere wat Christus die *Engel* genoem word, wat nog nie by die 333 ingereken is nie. In totaal word Hy in die Ou Testament ongeveer 60 keer die *Engel*, *Engel van die HERE*, *Engel van God*, *Engel van Sy aangesig* en *Engel van die verbond* genoem.

Terme soos: *die HERE het gespreek*, *God het gesê*, *God het beveel*, en *die woord van die HERE het tot my* (die profeet) *gekóm...* kom meer as 3,000 keer in beide Testamente voor (*How we got our Bible*, bladsy 54). Die meeste hiervan kom voor in die Ou Testament. Elkeen van hierdie uitdrukkings beteken telkens dat Christus gespreek het, want die Vader het van altyd af slegs deur die Seun, en in die krag van die Heilige Gees, gespreek. Elke woord, ook in die Ou Testament, is so geïnspireer in die oorspronklike tale (vergelyk Matt 5:18).

Christus is dus op verskillende maniere by die Ou Testament betrokke. Hy is die Boodskapper (die Gewer) én die Boodskap daarvan.

Die Ou Testament getuig op baie maniere van Hom. Ook kom daar in die Ou Testament *types* van Christus voor (soos Adam, Rom 5:14) en skaduwees van Hom (Kol 2:16-17; Heb 10:1). Christus het self die voorkoms van voorafskaduwings erken (vergelyk Jona 1:17 en Matt 12:39-40). Ons moet egter daarteen waak dat die oorbeklemtoning van voorafskaduwings nie vir Christus uit die Ou Testament verdring nie.

Die Nuwe Testament sê dat die hele Ou Testament van Christus getuig (Joh 5:39) en dat die Ou Testament ook die Evangelie bevat (Heb 4:2, 6). Dit was die boodskap van al die profete (Hand 10:43). Ook die Ou Testamentiese mense moes dit glo om gered te kon word. Die Nuwe Testament leer dus nie dat daar in die Ou Testament 'n “voor die hand liggende” betekenis is waarin Christus nie teenwoordig is nie.

Dit blyk dus dat die vertrekpunt wat die skrywers van die Bybelgenootskap se dokument wil voorstaan, nie aanvaarbaar is nie. Ook die “voor die hand liggende betekenis” is juis dit wat die Heilige Gees geopenbaar het – en meer bepaald: dit wat Hy in verband met Christus geopenbaar het.

As die Bybel die samevoeging van menslike verhale sou wees, sou die argument van bogenoemde skrywers kon standhou. Om egter die Skrif te wil afgradeer tot 'n geskrif waarin Christus nie van die begin tot einde geopenbaar word nie, is sonde. Die werklikheid is dat die Heilige Gees die hele Bybel geïnspireer het (2 Pet 1:20, 21).

Dit is nie slegs as gevolg van dogmatiese besinning dat Christus in die Ou Testament erken word nie. Dit is juis die “voor die hand liggende betekenis” om Hom deurgaans in die Messiaanse profesieë, en ook in Sy talle verskynings in die vorm van visioene, in die Ou Testament te erken. Hy mag deur niemand uit Sy ereposisie weggestoot word nie.

Die Ou Testamentiese mense moes Hom vanuit hulle kennis van die Ou Testament, as die Messias erken en eer. Slegs diegene wat Hom as sodanig erken en in Hom geglo het, is gered. Daar was geen ander manier waarop hulle gered kon word nie (Joh 14:6).

6. Sê die bronteks van die Ou Testament niks van Christus nie?

Bewering: Deur 'n vertaling met hoofletters word die bronteks nie getrou vertaal nie, en word die primêre betekenis “aangetas” en “verskraal”.

Antwoord:

Die teenoorgestelde is juis waar, naamlik: Deur kleinletters te gebruik en sodoende Christus uit die Ou Testament weg te vertaal, word die bronteks se betekenis aangetas en verskraal. (Die Hebreeuse teks het 'n ander skryfvorm en gebruik nie hoof- of kleinletters nie. Daarom moet telkens uit die verband afgelei word wie bedoel word.)

Die bronteks (die Hebreeuse teks) is die Ou Testamentiese openbaring wat God gegee het. Daarom is dit van groot belang. Die hantering en aanwending daarvan moet dus ook geskied volgens 'n maatstaf wat reg daaraan sal laat geskied.

Wat is egter die maatstaf wat baie van ons Bybelvertalers gebruik? Volgens hulle is die Skrif tot 'n groot mate die produk van volksverhale, wat selfs uit legendes, mites, fabels en sages saamgestel is. Volgens hierdie voorveronderstelling van baie Bybelvertalers, gaan die Ou Testament nie in die eerste plek oor openbaring wat God gegee het nie, maar oor menslike vertellings. Die Skrif het dus, volgens hulle, slegs uit mense voortgekom. Die (primitiewe) mense wat die vertellings oorgelewer het, het nog nie van Christus en die Heilige Gees geweet nie, en daarom kon die Ou Testament nie juis iets oor Hulle sê nie. (Vergelyk die dokument: *'n Probleem in Bybelvertalings*, wat op die webwerf www.2016vertaling.co.za verskyn.)

Hierdie voorveronderstellings verklaar die eintlike motief van die Bybelvertalers. Hulle wil die bronteks gebruik om 'n vertaling daar te stel waarin Christus en die Heilige Gees nie meer op die voorgrond is nie.

Die inhoud van die Bybel gaan tog nie oor die oorspronklike tale self nie, maar oor die boodskap wat dit bevat. Vertaling gaan daarvoor dat die boodskap reg moet oorkom. As die vertalers dit doen, sal die oorspronklike tale geen geweld aangedoen word nie, maar sal dit eerder tot hul reg kom. Die Skrif is gegee, nie ter wille van die taal nie, maar ter wille van die boodskap.

Wat is die Skrif wel? Beide die Ou en Nuwe Testament is openbaring wat God direk deur die Heilige Gees gegee het. (Lees byvoorbeeld: Eksodus 24:12; 31:18; 32:15, 16; 34:1, 2, 27, 28; 2 Petrus 1:20, 21.) In sommige van hierdie teksverse word genoem dat God die wet met Sy *vinger* neergeskryf het. Dit dui op Christus se handeling deur die Heilige Gees.

Maar wat sê die Bybelgenootskap se dokument verder? Hierin word verklaar: “En daarvan (naamlik dat dit 'n getroue weergawe van die bronteks moet wees) wil die vertalers en die Bybelgenootskap nie een oomblik afwyk nie.”

Meen hulle dat hulle getrou aan die bronteks is wanneer hulle kleinletters gebruik? Ons moet dit as misleidend beskou. Maak hulle nie misbruik van die woord “bronteks” nie?

'n Mens kan tereg wonder waarom die klem so op die bronteks geplaas word as die bronteks maar net menslike verhale is waarin Christus en die Heilige Gees nie duidelik gesien kan word nie.

7. Mag die Heilige Gees misken word?

Bewering: 'n Eerlike vertaler kan byvoorbeeld vas oortuig wees daarvan dat die Heilige Gees die skrywers van die Nuwe Testament gelei het in hulle verstaan van die Ou Testament, maar sal dit nie in die vertaalde teks van die Ou of Nuwe Testament 'inskryf', tensy dit duidelik in die bronteks staan nie.

Antwoord:

Oor hierdie stelling kan twee opmerkings gemaak word:

Eerstens: Hierdie aanhaling is geneem uit die laaste paragraaf van die dokument van die Bybelgenootskap. Hierdie is die enigste verwysing na die Heilige Gees in die hele dokument. Volgens die opsteller(s) van die dokument is die Heilige Gees se leiding dus nie die wesenlike uitgangspunt waarvolgens die vertaling gedoen moet word nie. (In die eerste uitgawe van hierdie dokument in 2009 het die bogenoemde paragraaf slegs as 'n voetnoot verskyn, en die Heilige Gees is slegs hierdie een keer in daardie dokument vermeld. Hierdie voetnoot is in die 2011-uitgawe as 'n paragraaf aan die einde van die dokument geplaas.)

Tweedens: Dit blyk dat in die bogenoemde aanhaling eintlik negatief oor die Heilige Gees gepraat word. Wat eintlik daar staan, is dat 'n vertaler nie die leiding van die Heilige Gees hoef te volg in sy interpretasie van die Skrif nie. Die Heilige Gees maak dus nie eintlik saak nie. Dit weet ons ook daaruit dat die dokument die gebruik van kleinletters wil goedpraat.

Waaroor gaan korrekte vertaling dan? Dit gaan presies oor dit wat die Heilige Gees geopenbaar het. Daarom mag (en moet) die vertalers die Heilige Gees se openbaring deurgaans uit 'n Bybelvertaling laat blyk. Die Heilige Gees het juis die bronteks (die Hebraeuse en Griekse tekste) gebruik om die openbaring duidelik te stel. Die Heilige Gees het telkens vir die Bybelskrywers die Skrif oopgemaak om te verstaan wat God daardeur sê.

Die skrywers van die Bybelgenootskap se dokument, se uitgangspunte is buite orde juis omdat die Heilige Gees nie reg erken word vir Sy leiding in die verstaan van die Skrif nie. Om doelbewus nie die Heilige Gees se openbaring konsekwent deur te gee nie (en dus ook nie Christus se Name met hoofletters te skryf nie) is 'n simptoom van ongehoorsaamheid aan die Heilige Gees se leiding.

Slegs die Heilige Gees kan vir ons aandui wat die ware betekenis van Ou Testamentiese Skrifgedeeltes is. Hy is die *Gees van Christus* wat in die profete en dus in al die Bybelskrywers was (1 Pet 1:11). Hierdie inhoud het die Heilige Gees ook reeds aan die Ou Testamentiese lesers geopenbaar – en die wat dit geglo het, is gered.

Verdere lig hierop word uit 2 Petrus 1:20, 21 verkry. Daaruit leer ons: *geen profesie van die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie*. Met ander woorde: Om die Skrif enigins te wil lees sonder die duidelike wete dat die Heilige Gees jou in die verstaan daarvan lei, is buite orde. Die rede is dat die Heilige Gees die Bybelskrywers geïnspireer het en hulle het daarom *vanaf God* gespreek (2 Pet 1:21 – volgens die oorspronklike teks). Die Heilige Gees het ook reeds die Ou Testamentiese gelowiges gelei om die Skrif reg te verstaan (Neh 9:20; Jes 63:11).

Uit 1 Korintiërs 12:3 weet ons dat niemand werklik en eerlik kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe as die Heilige Gees hom lei. Hieruit weet ons ook dat niemand beide die “voor die hand liggende” en die sogenaamde “dieper betekenis” van die Bybel kan insien sonder dat die Heilige Gees hom lei nie. Anders gestel: As die Heilige Gees 'n Bybellezer lei, sal hy wel Christus in die Skrif kan raaksien. Dan word dit vir hom duidelik dat Christus beide die “voor die hand liggende” en die “dieper” betekenis, asook die Boodskap, van die Skrif is – waar hy ook al uit die Bybel lees.

'n Ander vraag: Hoe het die inspirasie van die Bybel plaasgevind? Dit blyk dat die “organiese inspirasieleer” die mees aanvaarbare is. Dit beteken dat die Heilige Gees die Bybelskrywers geïnspireer het, maar dat Hy ook die vaardighede van die Bybelskrywers in ag geneem het. Elkeen het sy eie skryfstyl behou. Paulus het byvoorbeeld lang sinne geskryf (vergelyk die 1953-vertaling).

8. Moet dogmatiese besinning vermy word?

Bewering: By die vertaling van die Bybel moet dogmatiese besinning vermy word.

En: Die teks is belangriker as die dogmatiese besinning daarvoor.

Antwoord:

“Dogmatiese besinning” beteken om te vra na die lering en boodskap wat in 'n teksgedeelte te vind is. Hierdie lering en boodskap is wel van beslissende belang. Om die lering en boodskap wat God self in 'n teksgedeelte gee, duidelik te laat blyk, is 'n moet. Dit is nie 'n opsie nie.

Ons is in die bevoorregte posisie om die Nuwe Testament te hê, waarin God self verklaar wat die inhoud van die Ou Testament is. Dit is ook presies die betekenis wat die Ou Testament nog altyd gehad het. Die Ou Testamentiese teks is gegee met die doel om hierdie lering en boodskap by alle lesers (van die Ou en Nuwe Testamentiese tyd) tuis te bring.

Om hierdie lering en boodskap doelbewus van die Bybellesers te weerhou, beteken dat die Bybelvertalers dan die Bybel iets anders laat sê as wat dit wil sê, en so word die Skrifboodskap verdraai en verduister. Die gebruik van kleinletters wil juis die verkeerde boodskap deurgee.

Deur nie die werklike (dogmatiese) boodskap van die Ou Testament, wat oor Christus se ereposisie handel, in 'n vertaling deur te gee nie, sal die vertaling dan noodwendig iets anders sê as wat die werklike boodskap daarvan moet wees.

As die Bybel so vertaal word dat daarin nie 'n boodskap, of dogma, mag wees nie, kan daar ook nie verkondiging van die Skrifboodskap vanuit so 'n Bybelvertaling in kerke plaasvind nie, want daar is dan nie 'n Skrifboodskap in so 'n vertaling nie.

Een voorbeeld kan help: Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy die uiterste omstandighede deurgemaak. Ten midde van Sy fisiese lyding het Sy Vader Hom verlaat en Sy toorn oor ons sondes op Jesus uitgewoed. Dat Sy Vader Hom verlaat het, beteken dat Hy afgesny was van die genade van die Vader, en Jesus was dus blootgestel aan die volle aanslag van die hel. Ons kan aanneem dat die duiwel met al sy miljoene (gevalle) engele en al sy magte toe teen Jesus aangestorm het (Joh 12:31; Kol 2:14, 15). En Jesus het oorwin! Die punt is: geen gewone mens sou onder daardie omstandighede kon oorwin nie.

Om nou byvoorbeeld Jesaja 53 te vertaal asof dit nie Jesus, as God en Here, alleen was wat vir ons sondes sou sterf nie (en dus nie die dogma van die Bybel in aanmerking te neem nie) word die Bybellesers mislei.

9. Wat is die regte voorveronderstellings?

Bewering: Elke vertaler moet bewus wees van die gevare verbonde aan eie voorveronderstellings en dogmatiese oortuigings. Dogmatiese oortuigings van die vertaler sou baie maklik die teks iets anders kon laat sê as wat in die bronteks geskrywe staan.

Antwoord:

Elke Bybelvertaler het 'n aantal voorveronderstellings wanneer hy vertaalwerk doen. Hierdie voorveronderstellings kan óf mense se eie verkeerde idees wees, óf dit kan wees volgens wat God in Sy Woord geopenbaar het.

Eerste moontlikheid: Bybelvertalers se verkeerde voorveronderstellings kan byvoorbeeld wees:

- ◆ dat Christus en die Heilige Gees nie juis 'n rol gespeel het in die gee en uitleg van die Skrif nie,
- ◆ dat die Skrif tot 'n groot mate die produk is van menslike vertellings wat in volksverhale en tradisies ontwikkel het en wat later neergeskryf is, en
- ◆ dat Christus nie die primêre inhoud en boodskap van die Ou Testament is nie.

In die afgelope dekades is aan baie teologiese fakulteite en Bybelkunde-departemente in Suid-Afrika, aan studente geleer dat die Bybel tot 'n groot mate die produk is van volksverhale, en dus van legendes, fabels, mites en sages. Die werklikheid is dat baie van die dosente wat hierdie dinge vir studente geleer het, en nog steeds leer, nou Bybelvertalers is.

Die gebruik van kleinletters, soos dit in die Afrikaanse teologie gebeur, is onwetenskaplik, omdat dit nie geloof as uitgangspunt neem nie, maar ongeloof.

Nota: 'n Aantal van die voorveronderstellings, of argumente, wat baie van die Bybelvertalers gebruik, word bespreek in die boek: *Wil ons 'n Ou Testament sonder Christus hê?* (Lees daarin hoofstuk 7.) Dit verskyn op die webblad www.2016vertaling.co.za.

Tweede moontlikheid: Die Bybelvertalers (en Bybelleasers!) kan hulle in die korrekte voorveronderstellings verlustig, naamlik dat God self in Sy almag, alwysheid en waarheid, Sy Skrifopenbaring aan mense gegee het. Beide die primêre en diepere inhoud daarvan is dat God Homself daarin openbaar deur Christus, Sy Engel/Boodskapper en Profeet/Spreker/Woord.

Die persone wat kies om God se uitleg van Sy eie Woord na te volg, het die regte voorveronderstellings. Hierdie regte keuse om God se uitleg Sy se eie Woord na te volg, is 'n imperatief, 'n moet. 'n Vertaler sal nie verkeerd gaan deur die Nuwe Testament se uitleg van die Ou Testament na te volg nie. Hierdie voorveronderstelling is nie outyds of minderwaardig nie. Dit is God se uitleg van Sy eie Woord. Die Woord bly altyd waar en nuut. Dit is ook kragtig om dwaling te bestry.

Die feit is dat ook die Ou Testamentiese lesers die Messiaanse inhoud reg moes insien en glo. Op grond van hierdie korrekte en opregte geloof in die Messias (Gesalfde/Christus) is hulle gered. Hulle moes juis glo dat Hy die ewige God, Here, Seun (van God), Koning, Priester, Profeet en Messias is. Dit is juis hierdie Name wat die huidige Bybelvertalers wil wegvertaal! (Dink ook aan wat in die 1983-vertaling gebeur het!)

Deur Christus in 'n Bybelvertaling te eer, word die Ou Testamentiese verband nie op die agtergrond geskuif nie, maar juis op die voorgrond gestel.

Dit blyk uit die volgende:

- ◆ Die Ou Testamentiese mense se lewe van elke dag het alles te doen gehad met Christus se funksie in die Ou Testament. Die skepping is deur Hom daargestel

(Joh 1:3) en Hy het dit ook van altyd af onderhou (Heb 1:3). Die berge, see en sterre, ja die werklikheid waarin die Ou Testamentiese mense geleef het (net soos ons vandag) was daar weens Christus se voortdurende aktiwiteit. Hoe kan ons Hom dan Sy ereplek in die Ou Testament ontsê?

- ◆ Christus het self gesê: “*Dit is juis die Skrif (die Ou Testament) wat oor My getuig*” (Joh 5:39).
- ◆ Die Evangelie was aan die Ou Testamentiese mense verkondig net soos aan ons (Heb 4:2, 6).
- ◆ Dieselfde Evangelie kom in beide die Ou en Nuwe Testament voor, want beide het dieselfde Gewer, naamlik Jesus Christus (die Engel/Boodskapper en Woord). Die eerste vers in die Johannes-evangelie sê dat Jesus van altyd af as die Woord opgetree het. (Kyk net hoe swaar het hierdie waarheid op die apostel Johannes se hart gerus!) Die feit dat beide Testamente dieselfde Gewer het, beteken dat hulle ook dieselfde gesag en boodskap het.
- ◆ Christus weet absoluut wat Hyself in die Ou Testament verkondig het. Dit het Hy in die Nuwe Testament korrek verklaar.
- ◆ *Al* die Ou Testamentiese Bybelboeke vertel van Jesus (vergelyk Lukas 24:25, 27, 44) en *al* die Ou Testamentiese profete het van Jesus geskryf (vergelyk Handeling 3:18; 10:43).
- ◆ Die Messiaanse profesieë in die Ou Testament handel bepaald oor Christus (Luk 24:25-27, 44-46; Joh 19:28, 36, 37 en Hand 13:27, 29, 32; 18:28; 26:22, 23). Die woorde: “*Dit is volbring!*” (vervul en voltooi, Joh 19:30) dui ook hierop.
- ◆ Die Ou Testament leer reeds dat dit een van die Persone in die Godheid (naamlik die Messias) is wat vir ons sondes sou sterf. Dit sien ons uit Sy eienskappe, naamlik: Hy het *geen sondes gehad nie* (Jes 53:9), Hy was *volkome regverdig* (Jes 53:11) en Hy was in staat *om ander regverdig te maak*, dus om hulle van die hel te red en aan hulle die hemel te gee (Jes 53:11). Net God kon dit doen.
- ◆ Dit is duidelik dat Christus ook vir die Ou Testamentiese mense se sondes sou sterf, want in Jesaja 53:4-6 kom die woord ons herhaaldelik voor, byvoorbeeld: *Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor* (vers 5).
- ◆ God is nie aan tyd onderwerp of deur tyd beperk nie, want tyd is deel van die skepping. God is verhewe bokant die skepping. Daarom was die betekenis van Christus se kruisdood ook op die Ou Testamentiese gelowiges van toepassing.
- ◆ Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament kan die beste beskryf word as belofte-vervulling. Dit is belangrik dat die belofte en die vervulling duidelik sal ooreenstem.

Daar is talle teksgedeeltes in die Ou Testament wat direk vervul is in die Nuwe Testament. (Vir enkele voorbeelde, vergelyk Ps 2:2 met Hand 4:25, 26; en Ps 45:7, 8 met Heb 1:8, 9; en Ps 110:1 met Luk 20:42.) Wat meer is: Christus het die ampte en Name wat in hierdie teksverse aangedui word (naamlik *Gesalfde/Messias/Christus, God* en *Here*) reeds in die Ou Testament gehad en toe reeds aktief as sodanig opgetree.

Daar is geen sprake van allegorie hierin nie, en ook nie in die groot meerderheid teksverse wat die belofte-vervulling aantoon nie.

In die Ou Testament kom daar wel ’n aantal indirek-Messiaanse profesieë voor (vergelyk byvoorbeeld Luk 23:46 met Ps 31:6; asook Joh 19:33, 36 met Eks 12:46; Num 9:12; Ps 34:21; 1 Kor 5:7). Nogtans kom die Messiaanse inhoud in elke geval duidelik na vore. Dit bevat altyd ’n verwysing na Christus.

Ons moet altyd die volgende waarheid voorop stel: Volgens die Nuwe Testament is die Ou Testament *direk-Messiaans!* Dink dus gedurig aan wat Jesus self (en ook al die Bybelskrywers) gesê het.

Die openbaring in die Ou Testament handel oor Christus (en God die Vader en die Heilige Gees). Dit is hierdie openbaring van Christus wat as die primêre betekenis van die Ou Testament beskou behoort te word, en wat beslis aan Bybelleusers oorgedra moet word.

Samevatting: Die Bybelvertalers wat Christus uit die Bybel wegvertaal, moet daaraan dink dat Christus self gesê het: “*As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem... Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie...*” (Joh 14:23, 24).

10. Aanbevelings

- 10.1 Dit is juis omdat daar in soveel Bybelvertalings verkeerde tendense voorkom, dat dit belangrik is om nou die korrekte vertrekpunte (voorveronderstellings) te gebruik. As die Bybelvertalers nie die korrekte Bybelse vertrekpunte het nie, kan dit wees dat die Bybelleusers onder die indruk sal kom dat die Bybel uit die mens na vore gekom het en nie van Bo gegee is nie. Dit kan dan ook die indruk skep dat die Bybel nie handel oor wat God gesê het nie, maar oor wat mense daarvan gedink het.
- 10.2 Dit is die Drie-enige God wat Homself ook in die Ou Testament openbaar. Dit moet vir die Bybelleusers duidelik wees hoe elk van hierdie Persone in die Ou Testament openbaar word.
- 10.3 Dit is logies dat byvoorbeeld die Pinksterkerke nie ’n Bybel sal aanvaar (en in gebruik sal neem) waarin die Heilige Gees misken word nie. Wat meer is, dit behoort ook elke kerkgenootskap se standpunt te wees dat hulle nie ’n Bybelvertaling sal aanvaar waaruit Christus en die Heilige Gees wegvertaal is nie.
- 10.4 Die gebruik van kleinletters kan baie kwaad doen en selfs skeuring by kerke en tussen gelowiges veroorsaak, maar die gebruik van hoofletters sal geen kwaad doen en skeuring veroorsaak nie. Is dit nie die Bybelgenootskap en Bybelvertalers se dure plig om toe te sien dat hulle hul nie aan sulke skeuring skuldig maak nie? Hoe kan hulle dan Christus en die Heilige Gees uit die Ou Testament wegvertaal, deur kleinletters te gebruik?
- 10.5 Dit is in die beste belang van die Koninkryk om ’n eerlike pad te stap. Daarom wil ek weer vir die Bybelvertalers en die Bybelgenootskap sê: Deur kleinletters te gebruik, vertaal julle die Here Jesus weg uit die Messiaanse profesieë in die Ou Testament.

Deurgaans word mense en selfs diere se name met hoofletters geskryf. Hoeveel te meer word Christus dan verneder as Sy Name in Sy eie Woord met kleinletters geskryf word! Deur hierdie praktyk maak die Bybelvertalers en Bybelgenootskap hulself wel skuldig aan dwaling en kettery. Hulle moet dus breek hiermee.

Verder moet hulle bewus wees daarvan dat die gebruik van kleinletters ’n simptome is van onder andere die volgende:

- dat die Godheid van Christus in wese ontken word,
- dat die heilige eerbied en vrees vir God by die betrokke Bybelvertalers ontbreek, en
- dat die Goddelike gesag van die profesieë misken word.

Die vraag word nou aan die vertalers gestel: Wil julle werklik volhard hiermee?

Die Bybelvertalers kan gerus vir die Bybellesers 'n klomp verwarring en misverstand spaar deur wel hoofletters te gebruik en so aan hulle die boodskap van die Skrif duidelik deur te gee in die nuwe Bybelvertaling.

- 10.6 Moet slegs die Messiaanse gedeeltes wat in die Nuwe Testament aangehaal word, in die Ou Testament met hoofletters geskryf word? Wat van die ander gedeeltes in die Ou Testament wat tog ook duidelike profesieë oor Christus bevat?

Die antwoord is: Die Evangelie kom in die Ou Testament voor, net soos in die Nuwe Testament (Joh 5:39; Hand 10:43; Heb 4:2, 6). Die hele Ou Testament is dus Evangelie. Daarom kan baie meer woorde en Skrifgedeeltes as wat in die Nuwe Testament aangehaal word, in die Ou Testament met hoofletters geskryf word.

- 10.7 Die versoek is baie dringend: Daar moet net een uitgawe van hierdie nuwe Bybel kom, en dit moet 'n hoofletter-uitgawe wees. Hierdie vertaling moet meer hoofletters as selfs die 1953-vertaling bevat.

Die vertalers van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling het die geleentheid om aan die Afrikaanssprekendes in die geslagte wat kom, 'n Bybel te voorsien waarin die openbaring van God duidelik en reg uiteengesit sal wees. Hulle moet asseblief tog nie die heilswaarhede daarin, agter byvoorbeeld die gebruik van kleinletters versluier nie!

Hierdie word nie in 'n lelike gesindheid geskryf nie. Dit word geskryf om 'n eerlike en broodnodige getuienis te lewer.

Ds Danie Haasbroek

Tel: 012 - 345 2753

Sel: 076 689 3079

E-Pos: daniehaasbroek@gmail.com

5 September 2013

* * * * *

✘ **Hierdie dokument, getitel: *Die Bybelgenootskap en Bybelvertalers se standpunt*, is een van die dokumente wat in Afrikaans en Engels op die webwerf www.2016vertaling.co.za verskyn.**

✘ **My boeke verskyn op die webblad www.thetruerevelation.co.za (moenie Google).**

Al die dokumente wat op hierdie webwerf verskyn, was vooraf voorgelê aan die Bybelgenootskap, die leiers van die nuwe Afrikaanse Bybelvertalings-projek, en *Kerkbode* se redaksie.